






Kom ons ruim die rommel op

Hierdie boek behoort aan









bookdash.org

Every child should own a hundred books by the age of five. To that end, Book Dash gathers creative volunteers to create new African storybooks that anyone can freely print, translate and distribute. Then we work with partners to give those books to preschool children to own.

To find out more, and to download beautiful, open-licensed, print-ready books, visit bookdash.org.

Kom ons ruim die rommel op

(Let's go on a litter hunt)

Illustrated by Lyn Leventhorpe

Written by Sue Adams

Designed by Nadene Reignier

Translated by Anita van Zyl

with the help of the Book Dash participants in Cape Town on 14 October 2023.

ISBN: 978-1-77632-556-6

Typeset in Quicksand, Andika

This work is licensed under a Creative Commons Attribution 4.0 Licence
(<http://creativecommons.org/licenses/by/4.0/>).

You are free to share (copy and redistribute the material in any medium or format) and adapt (remix, transform, and build upon the material) this work for any purpose, even commercially. The licensor cannot revoke these freedoms as long as you follow the following license terms:

You must give appropriate credit, provide a link to the license, and indicate if changes were made. You may do so in any reasonable manner, but not in any way that suggests the licensor endorses you or your use. No additional restrictions: You may not apply legal terms or technological measures that legally restrict others from doing anything the license permits.



Kom ons ruim die rommel op

Lyn Leventhorpe • Sue Adams • Nadene Reignier




Pappa sê: “Die werf is vol GEMORS.
Die wind het al die rommel ingewaai.”

Mamma sê: “Kom ons ruim die rommel op.
Tel eers al die blikkies op.”

Pappa sê: “Trek hierdie
handskoene aan.”

Siesa!







Met 'n bietjie geluk,
kry ons elke blik.
Ons soek hoog en laag.
Ons soek onder die bosse
en teen die heining.







Ons kry
rooi blikkies en groen blikkies,
geroeste blikkies en blink blikkies,
skoon blikkies en vuil blikkies.







Wat moet ons met al hierdie blikkies doen?





Druk dit in die vullisblik!

Tel nou al die
plastiek op.





Ons soek plastiek om elke hoek.
Ons soek hoog en laag.
Ons soek agter die hoenderhok
en voor die huis.





Ons kry
melkbottels en bottelproppies,
inkopiesakke en roomysstokkies,
strooitjies en stukkende emmers.







Wat moet ons met al hierdie plastiek doen?





Druk dit in die vullisblik!

Tel nou al die
papier op.





Ons soek al die papier
wat ons werf ontsier.
Ons soek hoog en laag.
Ons soek naby die waterdrom
en bo-op die bankie.





Ons kry nat papiere en droë papiere,
kartonbokse en koerante,
ou papierborde en vuil snesies.







Wat moet ons met al hierdie papiere doen?





Druk dit in die vullisblik!

Wat kan julle
nog optel?
Hmm ...





Al die rommel
is opgeruim!





Sjoe!
Die werf is silwerskoon.
Dankie, rommeljagters.





Julle verdien albei 'n
stokkielekker! En onthou ...
wat moet julle met
jul rommel doen?





Ons druk dit in die vullisblik!







